



Oorskakeling na digitale televisie begin volgende jaar

Cecile Nel

21 July 2009

'n Tekort aan mielies by verskeie silo's in die land het die akkuraatheid van die berekening van die land se mielie-oes en die gevolglike uitvoer van mielies opnuut in die kollig geplaas.

'n Nuwe wetsontwerp kan munisipaliteite wat tans onwettig eiendomsbelasting hef aan die regte kant van die wet kry.

Die munisipale vakbond die Independent Municipal and Allied Trade Union (Imatu) het media-berigte Woensdag verwerp dat hy nie gaan staak nie.

Suid-Afrikaners sal – as alles volgens plan verloop – vanaf April 2010 kan begin dekodeerders koop om gereed te wees vir die land se oorskakelingsproses na digitale televisie.

Dié proses, waarvolgens analoogseine na digitale seine omgeskakel gaan word (ook bekend as digitale migrasie), sal in die eerste helfte van volgende jaar kommersieel begin.

Dit beteken dat die dekodeerders dan al beskikbaar móét wees en dat die subsidiëringskemas vir arm huishoudings agtermekaar moet wees, sê me. Karen Willenberg, 'n raadslid van Digital Dzonga.

Volgens me. Lara Kantor, voorsitter van Digital Dzonga, sal sowat 60% van die land (hoofsaaklik dié in metropool-gebiede) dan ook al digitale televisie kan begin kyk.

Die analoogsein sal egter aangeskakel bly en oor 'n tydperk van sowat drie jaar uitgefaseer word.

Digital Dzonga is 'n adviesraad van verteenwoordigers uit die bedryf-, regering- en reguleringseer wat 'n oorsig oor die proses hou en die Suid-Afrikaanse bevolking daarvoor sal inlig. Die liggaam is gister amptelik aan die publiek bekend gestel.

Daar is sowat 9,1 miljoen huishoudings in Suid-Afrika wat televisie kyk en deur dié proses geraak sal word. Byna elke televisie sal 'n dekodeerder moet kry. (DStv-kykers ontvang

reeds 'n digitale sein vir hul betaaltelevisie-kanale, maar dié kykers sal net sommige van die ander kanale kan opvang sonder een van dié dekodeerders.)

Sowat 5 miljoen van dié huishoudings sal deur subsidies bevoordeel word. Die voorlopige raamwerk wys dat 'n dekodeerder sowat R700 sal kos. Dié wat daarvoor kwalifiseer, sal sowat 70% afslag kry danksy 'n subsidie.

Genl. Sipiwe Nyanda, minister van kommunikasie, het gister gesê daar is tans R400 miljoen vir subsidiëring.

Die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika het vroeër vandeemaand aangedui die subsidiëring sal die staat meer as R2 miljard kos.

Nyanda het egter gister gesê dat almal nie onmiddellik die sein sal ontvang nie en dat dié bedrag verhoog kan word in die volgende boekjaar.

Hoewel dit nog nie gefinaliseer is nie, lyk dit of die huishoudings wat hiervoor sal kwalifiseer huishoudings is wat 'n maatskaplike toelaag ontvang en 'n televisielisensie besit.

Die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) het reeds die dekodeerder se spesifikasies goedgekeur en nou moet die uitsaaiers nog net ooreenkom op die programmatuur wat gebruik sal word.

Nyanda het die betrokkenes aangemoedig om dit gou af te handel. Hy het ook gesê dat die regering die koste sal dra vir die tydperk waartydens daar digitaal asook analoog uitgesaai sal word. "So gou as wat ons slegs digitaal uitsaai, hoe beter vir die regering."

Volgens Nyanda is daar egter te min geld vir die bewusmakingsveldtog. Hy sê die R20 miljoen wat daarvoor ontvang is, is nie genoeg nie en die departement gaan dalk die tesourie vra om dit te verhoog.

Die doelwit is om voor 2013 of dalk selfs 2014 heeltemal digitaal oorgeskakel te wees sodat die analoogsein afgeskakel kan word.